

CQ BOLAND



NUUSBRIEF VAN
DIE BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

Junie 2013

KOMITEE VAN BOLAND AMATEUR RADIO KLUB

| | | |
|-------------------|--------|-------------|
| Johan le Roux | ZS1RX | 021-9192246 |
| Karl Canitz | ZS1KC | 021-9765237 |
| Rassie Erasmus | ZS1YT | 021-8545764 |
| Jan Van der Vyver | ZS1VDV | 083-3795859 |
| Douglas Defty | ZS1DUG | 021-9436300 |

Gekoöpteerde Lede

| | | |
|-----------------|-------|-------------|
| Deon Heydenrych | ZS1G | 082-6539884 |
| Deon Coetzee | ZR1DE | 021-9764167 |

KLUB BULLETINS

Tyd: Sondae om 7:45
 Frekwensies: 3670kHz, 7092kHz LSB en 145,700 FM

WEBWERF

Bark.org.za

KENNISGEWING VAN DIE VOLGENDE BARK VERGADERING

U word vriendelik uitgenooi na BARK se volgende ledevergadering op Saterdag 22 Junie 2013 om 11:00 te Lugmagbasis Ysterplaat. Dit is ook BARK se AJV. Om 9:30 sal daar 'n sterre en planete aanbieding deur Willie Koorts wees. Die vergadering behoort so teen 12 uur klaar te wees en daarna sal daar 'n aansit ete wees.

BARK
 Vergadering...




BYDRAES TOT CQ BOLAND

Die redaksie van CQ BOLAND verwelkom alle bydraes vanaf Boland se Amateurs en vriende van die klub. Bydraes mag egter volgens die diskresie van die redakteur aangepas en geplaas word om sodoende die gepastheid en kwaliteit van inligting en artikels te verseker. Bydraes moet ten minste vier weke voor die datum van die volgende vergadering aan die redaksie met behulp van E-pos, of op disket gestuur word.



Stuur u bydraes aan:

E-pos: zs1rx@mailbox.co.za
 Posadres: CQ Boland Posbus 273 STRAND 7139



VAN DIE VOORSITTER.

Die winter is op ons, so daar is nou meer tyd om binne voor die radio te sit. Dateer 'n bietjie daardie programmatuur wat al twee nuwe weergawes later is op.

Ek merk ook op dat die koue sy tol eis met die inroep Sondag oggende. Probeer maar 'n punt daarvan maak om in te roep.

Ons soek nog steeds nuwe stemme om bulletins te lees. Baie dankie vir die staatmakers wat dit gereeld vir ons doen.

Dan het Karl, ZS1KC, weer 'n suksesvolle RAE behartig. Kom ons hoop dat BARK sommer heelwat van die nuweling sal sien. Vertel maar 'n bietjie op die lug vir hulle van ons klub.

Gedurende die kwartaal is dit weer die internasionale vuurtoring naweek in Augustus. As alles volgens plan verloop gaan BARK weer twee stasies vir hierdie geleentheid op die lug plaas.

Ek lees weer van die ou CQ Bolande van vroeg in die vyftigs en besef dat die knelpunte van daardie tyd dieselfde is as vandag se knelpunte. Die voorsitter doen ook 'n beroep op die mense om meer vergaderings by te woon en die redakteur van CQ Boland soek bydraes. Dit lyk my niks het oor sestig jaar verander nie.

Ek sien uit daarna om u by die volgende vergadering te sien.

Johan, ZS1RX

BARK SE NUUS-BULLETINS

Gedurende hierdie kwartaal was die nuus gelees deur: Hennie – ZS1LR, Anton – ZS1ASV, Margareta - ZS1TOX en Louis – ZS1JLB Baie dankie aan hierdie lede vir hul opoffering.

WEERSTANDE

Ek het 'n bietjie op die internet gaan rondkrap en op die volgende aangaande weerstande afgekom. Wikipedia was my bron.

'n **Weerstand** (of 'n **Resistor**) is 'n twee terminaal elektroniese komponent wat weerstand bied teen 'n elektriese stroom en 'n spanningsval tussen sy terminale veroorsaak in ooreenstemming met Ohm se wet. (Sekere ultrahoë presisie weerstande het 2 addisionele terminale).

$$R = \frac{V}{I}$$

Die elektriese weerstand is gelyk aan die spanningsval oor die weerstand gedeel deur die stroom wat deur die weerstand vloei. Weerstande word gebruik as deel van elektriese netwerke en elektroniese stroombane.

GEBRUIKE

- Oor die algemeen word weerstande gebruik om 'n bekende spanning tot stroomsterkte-verhouding in 'n elektriese stroombaan te bewerkstellig. As die stroomsterkte in 'n stroombaan bekend is dan kan 'n weerstand gebruik word om 'n bekende spanningsverskil in verhouding tot daardie stroomsterkte te bewerkstellig. Omgekeerd as die spanningsverskil tussen twee punte bekend is, kan 'n weerstand gebruik word om 'n bekende stroomsterkte in verhouding tot die potensiaalverskil in daardie stroombaan te bewerkstellig.
- Stroombeperking. Deur 'n weerstand in serie met 'n ander komponent te skakel, soos byvoorbeeld 'n lig-emissie-diode, sal die stroom deur daardie komponent verminder word na 'n bekende veiliger waarde.
- 'n Serieweerstand kan gebruik word vir die beheer van 'n gelykstroommotor soos die wat op lokomotiewe gebruik word.
- 'n **Stroomdemper** (attenuator) is 'n netwerk van twee of meer weerstande ('n spanningsverdeler) wat gebruik word om die spanning van 'n sein te verminder.
- 'n Weerstand word ook aan die einde van transmissielyste van kettingbus (soos SCSI) geplaas en is ontwerp om die impedansie te paar en sodoende die weerkaatsing van seine te minimiseer.
- Alle weerstande stel hitte vry. Dit is die beginsel waarop elektriese verwarmers werk.




'n Verskeidenheid weerstande

DIE IDEALE WEERSTAND

Die SI-eenheid van elektriese weerstand is die ohm (Ω). 'n Komponent het 'n weerstand van 1Ω as 'n spanning van 1 volt oor die komponent, 'n stroomsterkte van 1 ampère tot gevolg het, wat gelykstaande is aan 'n vloei

van een coulomb elektriese lading per sekonde. Die veelvoudige kilo-ohm ($1 \text{ k}\Omega = 1000 \Omega$) en mega-ohm ($1 \text{ M}\Omega = 10^6 \Omega$) word ook dikwels gebruik.

In 'n ideale weerstand, bly die weerstand konstant ongeag van die spanning of stroom wat deur die komponent vloei. Werklike weerstande kan nie hieraan voldoen nie, maar word ontwerp om so min moontlik veranderinge in elektriese weerstand te hê as hulle aan hierdie veranderinge of aan ander omgewingsfaktore soos temperatuur en ander omgewingsfaktore blootgestel word.



Oppervlak-gemonteerde weerstand.

NIE-IDEALE EIENSKAPPE

'n weerstand het 'n maksimum bestek van spanning en stroom waarbuite die weerstand kan verander (in sommige gevalle drasties) of die weerstand fisies beskadig kan word (deur oorverhitting onder andere). Alhoewel sommige weerstande spanning en stroomspesifikasies het, word die meeste aangeslaan volgens die maksimum drywing wat hoofsaaklik afhanklik is van die fisiese grootte daarvan.


Die algemene drywingsvermoë vir koolstof saamgestelde- en metaalfilmweerstande is $1/8$ watt, $1/4$ watt en $1/2$ watt. Metaalfilm en koolstof-filmweerstande is meer stabiel as koolstofweerstande met veranderende temperatuur en ouderdom. Groter weerstande kan meer hitte weglei vanweë hulle groter oppervlak area. Draadgewinde weerstande en weerstande wat in keramiek ingebou word, word gebruik waar 'n hoër drywingsvermoë vereis word.

Verder het alle weerstande ook 'n mate van induktansie, asook 'n klein hoeveelheid kapasitansie, wat die dinamiese gedrag van 'n weerstand van die ideaal laat afwyk.

VASTE WEERSTANDE

Sommige weerstande het 'n silindriese vorm met die weerstandmateriaal in die middel (saamgestelde weerstande) of op die oppervlak van die silinder (film Weerstande) met terminale wat uit geleidende metaal bestaan wat in die aksiale rigting uit die silinder uitkom.

Daar bestaan koolstof- en metaalfilmweerstande. Hoë drywingweerstande is beskikbaar in groter verpakings wat ontwerp is om die hitte doeltreffend weg te lei. Vir hoë drywing word draadspoel soort gebruik. Weerstande wat in rekenaars en ander toestelle gebruik word is tipies baie kleiner, dikwels in oppervlaktgemonteerde verpakings sonder draad verbindings. Weerstande kan ook in geïntegreerde stroombane (GS) ingebou word, deur die halfgeleiermateriaal as weerstand te gebruik. Dit is egter moeilik om weerstande op die manier te vervaardig en dit neem dikwels waardevolle spasie



'n Paar soorte weerstande

op die skyf in beslag, dus sal GS-vervaardigers 'n transistor-transistor of 'n weerstand-transistor konfigurasie as alternatief gebruik om die benodigde weerstand na te maak.

PIETER (LOUWTJIE) LOUW, ZS1MV, STIL SLEUTEL

Louwtjie se sleutel het op Dinsdag 28 Mei 2013 stil geword. Hy het 'n beroerte gekry en was in die hoë sorg eenheid van die Louis Leipoldt hospitaal. Louwtjie was 82 jaar oud.

Alhoewel hy die laaste jare nie baie aktief was nie, het hy voorheen baie geëksperimenteer. Hy was vir meer as 60 jaar 'n radio amateur.

Hy was 'n entoesiastiese radio amateur en 'n lid van BARK.

Ons sal hom mis.

Ons simpatie aan sy familie en vriende.




Baie geluk aan Karl, ZS1KC en Jan, ZS1VDV, met toekennings wat hulle van die SARL ontvang het. Karl het ere lidmaatskap van die SARL ontvang en Jan het 'n Jack Twine toekennings ontvang. Wel verdien julle twee.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG, 22 JUNIE 2013

Deur Johan, ZS1RX

Ons volgende BARK vergadering vind plaas op Saterdag, 22 Junie 2013 om 11:00, te Lugmagbasis Ysterplaat. Sien onderstaande kaart vir aanwysings.



Alhoewel die vergadering 11 uur begin, is daar 'n Sterre en Planete aanbieding deur Willie Koorts om 09:30 in die planetarium.

Ons gaan na die vergadering 'n aansit ete geniet. **Bespreking is by Karl, ZS1KC. Die koste is R50.00 per persoon vir die ete. As u nie gaan eet nie moet u ook asseblief vir Karl inlig dat u daar gaan wees.** Dit is vir die sekerheidswagte by die hek om u deur te laat.

U kan ongelukkig nie u eie drank in die basis inbring nie. Daar sal 'n kontant kroeg beskikbaar wees.

Kom geniet die dag saam met ons.

APRSDROID

Daar is nou 'n goedkoop oplossing vir u wat graag APRS wil gebruik maar nie 'n spaar radio en GPS vir u voertuig het nie.

Die van u wat Android fone het kan nou 'n programmetjie aflaai met die naam van APRSdroid. Die program is relatief maklik om op die selfoon te installeer.


U skakel u selfoon se GPS aan en loop die program APRSdroid en dit is so maklik soos dit. Ek gebruik dit en u kan my volg op <http://aprs.fi>. Die roepsein is ZS1RX-14.

KOM ONS GESELS TEGNIES

Deur Johan, ZS1RX

Terwyl ek artikels gesoek het vir CQ Boland het ek op <http://www.talkingelectronics.com/projects/200TrCcts/200TrCcts.html#index> afgekom. Die stroombane in hierdie uitgawe kom vanaf hierdie bron.

GEÏNTEGREERDE STROOMBAAN RADIO





Die hart van die stroombaan is 'n ZN414 geïntegreerde stroombaan. Die ZN414 bestaan uit 10 transistors om die ingestemde frekwensie versterking te verskaf.

Die eerste gedeelte is die RF gedeelte en die tweede gedeelte van die stroombaan is 'n drie transistor audio versterker. Die twee 1N4148 diodes is voorgespan en keer dat die spanning op pen drie van die ZN414 nie 1.4 Volt oorskry nie. Die ZN414 is ontwerp vir maksimum 1.5 Volt.


Die antena spoel is 60 draaie 0.25mm draad om 'n 10mm "ferrite rod". Die verstelbare kapasitor kan enige waarde wees tot 450 pika farad.

Bou dit en geniet dit

Transistor Informasie:



As jy besig is om 'n stroombaan te bou, moet jy normaalweg eers gaan opsoek watter been is wat van 'n geïntegreerde stroombaan. Ek hoop die informasie hier onder help 'n bietjie



Baie geluk aan Deon, ZS1G en sy LV Belinda met die geboorte van hul dogter Mila. Mag sy net plesier vir julle verskaf.

BOLAND AMATEUR RADIO KLUB***Posbus 273 STRAND 7139******(Geaffilieer by die SARL)*****Junie 2013**

Beste klublid

BARK se finansiële jaar strek vanaf 1 Julie 2013 tot 30 Junie 2014.

Hiermee dan u ledegeldrekening vir 2013/2014

Ledegeld R100-00 (Studente onder 25 jaar is R50-00)

Donasies

Totaal _____

BARK se bankbesonderhede is as volg:


Bank: ABSA
Rek No.: 429720974
Takkode: 632005**Gebruik asb. u roepsein as verwysing.**

BARK maak staat op u volgehoue ondersteuning.

Rassie ZS1YT (Tesourier)

MIKROFOON VOORVERSTERKER

Soms het ons 'n mikrofoon wat se wins net te min is vir die drywing wat ons verlang. Hierdie stroombaan sal daardie ou mikrofoon weer genoeg lewe gee om weer te gebruik. Die stroombaan is eenvoudig en kan in 'n middag gebou word. Gebruik sommer die bordjies met die gaatjies in om dit op te bou. Die stroombaan bestaan uit twee transistors wat direk gekoppel is. Die wins is 100.



HIERDIE BERIG HET IN DIE CQ BOLAND VAN 1951 VERSKYN. DIE SKRYWER WAS ZS1NP

Die taak van 'n voorsitter van Tak Boland is baie veeleisend. Dit word van hom verwag om leiding te gee en neem. Takke wat meer internaat is het die voordeel dat die lede in 'n betreklike klein sirkel woon en dus makliker om as't ware huisbesoek te doen, as ook meer dikwels samekomste en uitstappies te reël. Ons was nog gelukkig om nog altyd die regte man tekry met 'n goeie komitee aan sy sy. Dit is nie moontlik om die bulletin rond en bont uit te deel nie om 'n goeie rede, en soms moet dieselfde stem Sondag na Sondag gehoor word. En dit is nie altyd moontlik om interessant te wees nie omrede gebrek aan nuus en inligting. Mag meer nuus in die vervolg die bulletin bereik van lede. Daar is probeer om kwartaal vergaderings op vergeleë plekke te hou wat groot opoffering geverg het. Dit kan nie as 'n groot sukses bestempel word nie. Maar tenspyte van klein teleurstellings het Tak Boland steeds vordering gemaak in 'n mindere of meerdere mate. Eersdaags is dit weer ons A.J.V. Opsaal en opskud lede julle bemoediging is nodig om ons morale te versterk. Ons glo die verlede was goed, die hede gelukkig en die toekoms belowend.

TERUG IN DIE GESKIEDENIS.....

Hierdie foto is tien jaar gelede by BARK se AJV te Stellenbosch geneem.



René, ZS1VR, besig om vleis te braai


BARK SE WEBWERF

Besoek asseblief BARK se webwerf. U sal dit kry by bark.org.za. Deon, ZS1G is ons webmeester. Wat is interessant op die webwerf? U kan onder andere die volgende daar kry:

Foto Album, CQ Boland, Nuus, Verjaarsdae en somer nog baie meer.

NAG LIG

Hierdie is ook 'n lekker klein projekte om sommer een middag te bou. Die stroombaan aktiveer 'n relay as die hoeveelheid lig op die lig afhanklike weerstand te min raak. Die aanskkel vlak kan met die 10M verstelbare weerstand verander word. Die stroombaan kan vanaf 6 volt tot 12 volt werk.



As die lig te min raak bereik die emitter/basis spanning 0,6 volt wat die PNP transistor aanskkel. Sodra hy aanskkel trek hy die basis van die NPN transistor op na 0,6 volt via die 1K weerstand. Die NPN transistor skakel aan en aktiveer die relay. Die relay kan nou 'n lig aanskkel.

Die Lig Afhanklike Weerstand is die bekende ORP12 en is redelik beskikbaar.

BARK VERGADERING VAN SATERDAG 16 MAART 2013

Deur Johan, ZS1RX

Die vergadering het plaasgevind by die Kuilsrivier Voortrekkers. Deon, ZR1DE het vertel van die vordering met die mikro satelliet en Raoul, ZS1REC,



Henry, ZS1AAZ, Hans – ZS1WZ, René – ZS1VR en Kooos – ZS1KWV gedurende die vergadering

het vir ons twee demonstrasies gegee. Een van die demonstrasies was om te vertoon waar vliegtuie is deur gebruik te maak van 'n "stokkie" wat by die "USB" poort ingedruk word. Die amptelike verrigtinge was net na 12:00 klaar.

Die volgende 38 persone het die teenwoordigheidslys geteken:

| | |
|------------------------------|----------------------------|
| ALBERTS, JOHAN ZS1B | JENDRISSEK, BERND |
| BOTHA, LOUIS ZS1JLB | JENDRISSEK, PETER ZS1JX |
| CANITZ, KARL ZS1KC | LE ROUX, ALMA |
| CHAMBERLAIN, HENRY ZS1AAZ | LE ROUX, HENNIE ZS1LR |
| COETZEE, DEON ZR1DE | LE ROUX, JOHAN ZS1RX |
| COETZEE, HANNELIE | LINTZ, PETER ZS1AAP |
| COETZEE, RAOUL ZS1REC | NOTHLING, HANS ZS1WZ |
| DE KOCK, DAVID ZS1DDK | ROSSOUW, ELRIE |
| DE KOCK, WILLEM ZS1WDK | SADIE, BENNA ZS1PBS |
| DE VILLIERS, FRANCOIS ZR1ACF | SHAW, ANDRE ZS1AN |
| DEMASIUS, ULF ZS1ZO | TINKLER, NORMAN ZS1NHT |
| DISSEL, ADRIAAN ZS1ADL | TOXOPEUS, HENK ZS1ACD |
| DREYER, THEO ZS1BO | TOXOPEUS, MARGARETA ZS1TOX |
| ELLIS, ANDRE ZU1KOK | VAN RENSBURG, MARTIN ZS1MC |
| ERASMUS, RASSIE ZS1YT | VAN WYK, KOOS ZS1KWW |
| FRANSMAN, ANDRE ZS1F | VAN ZYL, RENE ZS1VR |
| HARTZENBERG, DAVID ZS1BCE | VISSER, ANTON ZS1ASV |
| HEYDENRYCH, DEON ZS1G | VISSER, ELSA |
| HEYDENRYCH, HENNES | |
| HUDSON, DAVID G4WOE | |

HOE SLUIT EK BY BARK AAN? HOE HERNU EK MY LIDMAATSKAP

Die maklikste manier om by BARK aan te sluit of om u lidmaatskap te hernu is om dit via die internet te doen. Gaan na BARK se webwerf by <http://bark.org.za> Gaan na Aansoek/Hernu vorm en voltooi die informasie wat verlang word. Of gaan direk na http://bark.org.za/?page_id=290 Doen 'n internet betaling in BARK se rekening in. Die bank besonderhede is:

Bank: ABSA.
Takkode: Internet - 632005, Toonbank – 334312.
Rek No: 429720974.



Ledegeld vir 'n gewone lid is R100,00 en vir 'n skolier of student R50,00.



Met baie min uitsondering lyk JO ZS 1AAB elke Saterdag soos die tekening. Ons stukkie eiendom meet 30x35 vk m en dit is toegespin met dik drade en dun draadjies met 'n gedraaide tolletjie so elke dan en wan. Gelukkig alles luglans. Met die gegroeperde bote en moere wat getuig van vorige lugdrade se standplase gee die pyn grondlans.

Nou het ek darem ook al vasgestel dat baie min van die gewone mense baie hoër as die nok van ons huis se dak kyk want baie min het al die lugtoring opgemerk as ek haastig 'n bekende baken in ons omgewing moet noem.

Ek maak gereëld spotprentjies vir Jo van sy eerste liefde maar dit skrik hom gladnie af nie want hy vertolk dit vir "dinge waarin ons saam belangstel."

Weimeneend van 'n Lipkap weduwee

JO ZS 1 AAB se LV

Ek het hierdie berig in 'n ou CQ Boland raakgeloop. Ek dink daar is baie van ons in hierdie prentjie wat so pragtig deur tannie Rina uitgebeeld word.

Ek sal graag wil verneem wie die persoon is wat nou vir die langste tydperk aan BARK of dan Tak Boland behoort. Dit behoort 'n interessante artikel in CQ Boland te maak. Stuur asseblief vir my 'n epos en laat weet wanneer u by Tak Boland aangesluit het. Ek wonder of daar nog iemand is wat voor 1950 'n lid was. Laat weet asseblief. "Reply" sommer op die epos waarmee u CQ Boland ontvang het. Ek wag in spanning!

VAN Boland Amateur Radio klub
Posbus 273
STRAND
7139